

Here, versorg ons

Toe die Here sy dissipels geleer het om te bid, het Hy in die tweede deel van die gebed begin met die liggaamlike behoeftes voor die geestelike. Eintlik kan ons dit nie van mekaar losmaak nie. Sy opdrag is dat ons vir alle liggaamlike en geestelike behoeftes moet bid.

Die liggaamlike behoeftes is legio. Kos, huisvesting, klere, gesondheid; en daarteenoor staan honger, sonder heenkome, armoede, siekte. Ons kan en moet met alles na die Here gaan. Hy ken ons nood en behoeftes, want niks is voor Hom bedek nie (Ps. 139:1 be-rymd).

So baie mense ervaar in hierdie feesgety werklike liggaamlike nood. Daar is soveel swaarkry en soveel ellende. Wie dan op sy knieë gaan, moet in die *geloof* bid. Bid so dat jy al jou behoeftes aan die Here oorgee. Kyk dan na die voëls van die hemel ... hulle saai nie en hulle maai nie en bring nie in skure bymekaar nie. So is dit ook met die lelies van die veld.

Die Here het dit in die natuur gegee om ons in ons gebede te versterk. Ons kan en moet die oog op die HERE hou. As ons 'n opmerklike oog het vir die natuur, sien ons dat die voëls kos het om te eet. Ons sien dat die lelies heerlijkheid uitstraal. Die Vader sorg en versorg hulle, en ons is baie meer werd as hulle. Baie meer!

Soveel meer dat God die Vader sy Seun in hierdie wêreld gestuur het omdat Hy nie wil hê dat 'n enkele een verlore moet gaan nie. Gaan met vrymoedigheid op jou knieë, praat met Hom – Hy sal sorg!

Sing: Psalm 123-1:1, 2

Ds. MJ (Tinus) Smidt (Emeritus)